

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

STEEK JOU BAKKIESLEUTELS WEG

Die polisie maan inwoners om nie voertuigsleutels op 'n sigbare plek in die huis te berg nie. Een van die gewildste plekke is op die kombuiskas of tafel by die voordeur. Die afgelope twee weke is daar by sewe plekke op Heilbron ingebreek, maar niks gesteel nie. Volgens die SAPD soek hulle net na die voertuigsleutels, alles gebeur terwyl die eienaar slaap. Die afgelope twee maande is daar drie voertuie op dieselfde wyse gesteel en lyk dit of Hilux bakkies hoog is op motordiewe se steel-lysie. Gewoonlik word 'n woning se venster oopforseer en gebruik hulle 'n bobbejaansleutel om die diefwering mee oop te breek. Die speurders vermoed dat dit 'n diefstal sindikaat is wat nou op Heilbron fokus.



200 SAKKIES TEER GESTEEL - R1 000 BELONING

Sondag is daar 200 sakkies teer uit die voorraadstoor van Ngwathe op Heilbron gesteel. Dit was deel van 'n besending van 2400 sakkies wat hulle onlangs aangekoop het om die slaggate in Heilbron toe te maak. Die vermoede bestaan dat dit met die

munisipale bakkie aangery is. Inwoners word gevra om op die uitkyk te wees vir sakkies teer soos op die foto en inligting na die SAPD of Raadslede te verwys. Die Herald sal ook 'n R1 000 beloning gee aan die persoon wat inligting deurgee wat sal lei tot die inhegtenisname van die skuldige.



EST. 2021

OJ'S Brunch Club

— OF LONGMARKET —

SERVED BETWEEN 10:00 AND 11:30

BREAKFAST BURGER
Bacon, egg and cheese beef burger served with a small fries.

BREAKFAST PANINI
Home made pastrami, fried egg, cheese, fried onion and russian dressing.

MEXICAN SKILLET BREAKFAST
Saucy mexican ground beef topped with a fried egg, melted cheese, lime mayo, creamy avocado dip, jalapeno (optional), tomato-corn salsa and lime. Served with two soft shell tacos.

VEGETARIAN MEXICAN SKILLET BREAKFAST
Corn and black beans in mexican red sauce, topped with a fried egg, melted cheese, lime mayo, tomato-corn salsa, creamy avocado dip and lime. Served with 2 soft shell tacos.

LONGMARKET BREAKFAST
3 Strips of bacon, 200g beef patty, cheese-griller, fried tomato, 2 eggs, chips and toast or pap coujors.

SINGLE BUTTER-BAKED FLAPJACKS
Berry and chocolate chip flapjack topped with berry sauce and served with sweetened creamed cottage cheese.

Baked apple flapjacks, topped with granola and syrup and served with sweetened creamed cottage cheese.

CLASSIC BREAKFAST
3 Strips bacon, cheese-griller, 2 eggs, fried tomato, cheese & toast or pap coujors with sauce.

TRADING HOURS
MON-TUE - CLOSED • WED-THUR - 10:00-21:00 • FRI-SAT - 10:00-22:00 • SUN - 10:00-17:00


FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

Donderdae - Royal Auction Centre

VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:
Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451

BKB
The Essential Voice of Agriculture
Die Belangrike Stem van Landbou

www.bkb.co.za



NET 'N WOORD VAN WAARDERING

Aan Heilbron gemeenskap en elke persoon of instansie vir finansiële, emosionele bystand en sommer elke persoon tydens die begrafnis en voorafgaande gebeure.
Baie dankie ook aan almal wat haar voor die tyd gehelp en bygestaan het.
Alles word opreg waardeer.



RUS IN VREDE

Malaria is one of the most serious tropical diseases

Malaria is one of the most serious tropical diseases and can be deadly if not detected and treated at an early stage.

PREVENTION IS BETTER THAN CURE

Going somewhere?
Know whether there is risk of getting malaria in the area you are visiting.

- Take precautionary measures to prevent mosquito bites in all risk areas.
- If recommended, take appropriate medication as directed.
- Seek immediate medical attention if you have any “flu-like” symptoms for up to six months after leaving a Malaria area.

MEASURES TO AVOID MOSQUITO BITES

Allow your house to be sprayed if you are residing in a Malaria risk area.

- Wear long sleeved clothing when going out at night.
- Apply an insect repellent containing DEET to exposed skin at night.

- Sleep under a mosquito-proof bed net treated with approved insecticide.

MEASURES TO AVOID MOSQUITO BITES (continued)

Spray inside your house with an insecticide spray after closing windows and doors.

EARLY SYMPTOMS OF MALARIA

- Fever
- Headache
- Chills
- Muscular pains

Seek medical attention if you have any of the above symptoms.

TAKE YOUR MEDICINES CORRECTLY

Take only the medicines for preventing Malaria as recommended by a health professional.
Start before entering the Malaria risk area and continue as prescribed by a health professional.

For more information
Call 012 312 9125 or go to www.doh.gov.za

Liebenberg trek Singel
P.O.BOX 359
PARYS
9585
Tel: +27 (0) 56 811 2131
Fax: +27 (0) 56 811 5145
E-mail: jordaanr@ngwathe.co.za



OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER
Our Ref: Electricity Approved Tariffs

PUBLIC NOTICE HEILBRON ELECTRICITY CONVENTIONAL METER USERS:

ELECTRICITY APPROVED TARIFFS FROM 1 JULY 2021 TO 30 JUNE 2022

This notice serves to inform the public and stakeholders of Heilbron whom are using conventional electricity meters that the tariffs used to calculate your electricity bill from July 2021 up to January 2022 was incorrect. The under billed tariffs were rectified in February 2022 and March 2022 respectively to be in line with the Nersa Electricity Approved Tariffs. The Municipality would like to apologise for the inconvenience caused and hereby request the affected Heilbron electricity conventional users can arrange to pay off the corrections over a period not exceeding 6 months.

Die Munisipaliteit wil graag op hierdie wyse vir u inlig dat konvensionele elektrisiteitsverbruikers in Heilbron teen die verkeerde tariewe aangerek is vanaf 1 Julie 2021 tot en met Januarie 2022. Die tariewe en onder bethings is reggesaak met die Februarie 2022 en Maart 2022 rekeninge sodat dit dieselfde as die Nersa goedgekeurde elektrisiteitstariewe is. Die Munisipaliteit bied dan ook sy onvoorwaardelike verskoning aan vir die ongerief veroorsaak aan Heilbron konvensionele elektrisiteitsverbruikers. Verder bied die Munisipaliteit aan dat 'n ooreenkoms aangegaan kan word om die regstellings af te betaal oor 'n periode wat nie ses maande mag oorskry nie.

Enige adisionele inligting kan gekry word soos onder genoem:

Any additional information regarding the above, may be directed to the Revenue and Debt Collection Manager, Me. KD Mtimkulu, through any of the following communication method:

Physical delivery	Municipal Office, Liebenbergstrek, Parys
Email	kgomotsos@ngwathe.co.za

Regards

F MOKGOSU
Acting Municipal Manager

Uit die pen:



en ek gooi dit oor my bed. Ek hoor hoe my huismaat haar kamerdeur oopmaak, in die gang af stap en die spaarkamer se deur oopmaak. Ek hoor hoe kreun die kasdeur toe sy dit oopmaak om vir haar ’n kombers uit te haal.

Die volgende oggend terwyl ons albei ontbyt eet, gesels ons oor die skielike koue.

“Het jy gisteraand koud gekry?” vra sy my.

“Ja, maar gelukkig het ek ’n kombers in my kamer gehad.”

Sy word effens bleek.

“Ek het jou gehoor,” sê ek “toe jy vir jouself ’n ekstra kombers uit die spaarkamer se kas kom haal het.”

Sy word nog bleker.

“O,” sê sy, “ek het weer gedog dat dit jy was.”

Dus was dit nie een van ons twee nie. So wie was dit?

Ek het gereeld by die eetkamertafel gesit en werk wanneer dit te koud word in ons werkkamer. Een nag het ek baie administratiewe take gehad. Ek het met my rug na die werkkamer se glasskuifdeur gesit. Ek het die hele tyd gevoel asof iemand vir my kyk, maar dit was net ek in die huis. Ek het nooit ongemaklik of bang gevoel nie. Ek het net geweet dat daar nog iemand (of iets?) in die huis was.

Een aand maak ek kos in die kombuis en die voordeurklokkie lui. My kulinêre proses was op ’n kritieke punt: ek kon nie die kastrol vir meer as ’n minuut los nie, want dan sou die kos heeltemal verbrand. Ek besluit om gou die deur te gaan oopmaak omdat my huismaat in die bad was.

Ek hol voordeur toe: deur die eetkamer aan my regterkant, met die werkkamer aan my linkerkant. Ek maak die voordeur oop, herken twee vriende, nooi hulle haastig in en hol terug kombuis toe. Verby die eetkamer nou aan my linkerkant en die werkkamer aan my regterkant. Seker 20 sekondes.

Toe ek in die kombuis kom, skrik ek, want ek onthou wat ek gesien het toe ek omgedraai het vanaf die voordeur op pad terug kombuis toe. Daar was ’n vrou. En nie net sommer ’n vrou nie. ’n Skamerige dame wat nie haar gesig wou wys nie. Sy het ’n sagte, wit rok aangehad. Toe ek so vinnig by die voordeur omdraai om terug te hardloop kombuis toe, sien ek net die pante van haar wit rok wat agter haar aanfladder soos sy by die werkkamer instap. (Ek weet nie: stap spoke of gly hulle deur die lewe? Dis nogal ’n debatteerbare vraag.)

Ek trek die kastrol van die warm stoofplaat af en gaan terug na die gaste toe. Huismaat kom vars gewas uit haar kamer en hulle lag en gesels.

“Het julle haar gesien?”

“Ja, man!” lag hulle, “sy het nou net uit die kamer gekom en by ons aangesluit.”

“Ek bedoel: het julle die vrou met die wit rok gesien?” vra ek.

“Watter gesien?” Die gaste en huismaat antwoord asof in ’n spreekkoor.

“Die vrou met die wit rok wat saam met ons in hierdie huis bly?”

Huismaat maak dadelik die konneksie met die uithaal van die komberse daardie koue nag, weke gelede.

Ons twee kyk vir mekaar en ons weet van wie ons praat. Die gaste word effens ongemaklik. Wat maklik deur ’n glas wyn opgelos word.

Ek is steeds nie bygelowig nie, ek glo wel daaraan om my linker skoen of linker kous eerste aan te trek. Ek glo nie in ’n swart kat of ’n knippie sout oor my linkerskouer of my hand wat jeuk nie.

Maar ek het die vrou met die wit rok gehoor en ek het haar gesien. Ek weet sy was daar.



Op die foto: Danie Hattingh (verkoper), Marise Hattingh, Jan Mostert (afslaer), Alta Bornman, Ric Bornman (koper), Danie De Wet (skaap wol adviseur), en Jan Hendrik Claasen (bemarkers).

UITSTEKENDE LOUISE DOHNE MERINO STOET VEILING AANGEBIED

Op Woensdag 06 April 2022 hou Louise Dohne Merino stoet hulle jaarlikse produksie veiling te

Canossa, Heilbron.
Die ramme se gemiddeld was R10 071 met die hoogste ram Lot 14 wat verkoop is aan Ric Bornman van Petrus Steyn vir R35 000. Die tweede duurste ram Lot 24 is verkoop aan Wessel Hattingh van Heilbron vir R23 000. Die dragtige ooie se gemiddeld was R2 975.
Wat 'n dag was dit nie. Die veiling was aangebied deur BKB Frankfort met Jan Mostert as afslaer. BKB bedank alle kopers vir 'n uitstekende veiling.

Betrekking

Gemeenskapsjoernalis/Bemarkers

Joernaliste moet deesdae baie weet – hulle moet dink hoe hulle 'n storie op verskillende platforms kan vertel. Dit beteken hulle moet vertrouwd wees met tegnologie. Hulle moet kan foto's neem, video-opnames maak vir aanlyn verslaggewing, en sosiale media kan gebruik om stories te versprei. Joernaliste vertel vir mense wat in die wêreld gebeur, oor dinge wat saak maak. Hulle ondersoek geleenthede en ontwikkel stories deur inligting in te samel met onderhoude, navorsing en waarneming. Die mediawêreld het in die laaste jare dramatiese verander en verander steeds. Daar is 'n toenemende behoefte aan gemeenskapsnuus.

Heilbron Herald beskik tans oor 'n vakature vir 'n Gemeenskapsjoernalis/bemarkers.
Diensaanvaarding so spoedig moontlik.
Sluitingsdatum 22 April 2022 vir aansoekers.
Stuur jou CV na: john@heilbron.co.za

BONUS HARDWARE

D.I.Y. • BUILDING • INDUSTRIAL

VAKANTE BETREKKING

Bonus Hardware het 'n pos beskikbaar vir 'n kassier.

Die posbekleër is hoofsaaklik verantwoordelik vir die hantering van transaksies, ontvangs van betalings, afsluiting en balansering van kontant, bevordering van klanteverhoudings, hulpverlening met voorraadopnames en ander administratiewe take in die winkel.

Die geskikte kandidaat moet eerlik, hardwerkend, rekenaarvaardig en goed met mense kan werk.

Aansoeke kan by Monette afgegee word by Bonus Hardware, Breëstraat 31, Heilbron of gepos word na bonushardware@skysat.co.za
Die sluitingsdatum vir aansoeke is 16 April 2022.

058 853 0169 • 072 287 4111
BREËSTRAAT 31 | HEILBRON

POSTNET HEILBRON

Besigheidsure

MAANDAE - VRYDAE: 08:00 -16:30
SATERDAE: 09:00 -12:00

Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006

CNC PLASMA SNYWERK

NOU OP JOU DRUMPEL

- SAGTESTAAL SNY TOT 30MM DIKTE
- STAINLESS & ALUMINIUM SNY TOT 20MM DIKTE
- BUIG, ROL & GUILLOTINE SNY OOK BESKIKBAAR

YOUR BOILERMAKING SOLUTION IN STAINLESS & MILDSTEEL

STAINLESS & MILD STEEL SOLUTION

STAINLESS STEEL

Jaco Swart : 082 392 9819 | jaco@ejsm.co.za
Martin Swart : 082 389 7961 | martin@ejsm.co.za
Eddie Swart : 082 449 9113 | eddie@ejsm.co.za

P.O.Box 2 | Small Holdings No. 5 | Highlands | Heilbron, 9650

0/13's BRONNIES GEREED VIR SEISOEN

Warren Pieterse en Theo Fuls van Agri BK het die 0/13 rugbyspan van Hoërskool Heilbron se sportsakke vir die 2022 seisoen geborg. Tien van die seuns was reeds op 6 en 7 April betrokke by die Sasolburg rugbyproeue te Sasolburg en het hierdie 0/13 span reeds 9 April hul eerste twee wedstryde vir kwartaal 2 op 'n sportdag in Meyerton by Laerskool Republiek gespeel. Die liga begin 28 April 2022. “Ons sien baie uit na die seisoen.” het afrigter Johnny van der Merwe mee afgesluit.

Theo Fuls Agri BK is jou vennoot in gebruikte Landboutuering vir meer as 'n dekade. Ons lewer hoogstaande gehaltesdiens en stap 'n pad saam met ons kliënte sedert 2009. Theo Fuls Agri Bk tree op as Agent en Finansieringsagent tussen die Koper en Verkooper. Agri BK bied aan boere in Suid-Afrika die geleentheid om gebruikte trekkers, stropers, spuite, planters, hooimaaktoerusting en implemente vir jou boerdery te koop en te verkoop. Laat ons jou help om die regte toerusting vir jou behoefte te vind en jou vennote te wees vir sukses.

Koop of verkoop, kontak gerus Warren Pieterse by 082 456 7857.

NGWATHE INFRASTRUKTUUR-PROJEKTE NOU GEMONITOR

Ngwathe munisipaliteit se nuwe komitee wat Infrastruktuur en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling as portefeulje bedien het onlangs verskeie projekte wat tans in proses is fisies besoek om eerstehands kennis te neem van die stand daarvan. “Die komitee is ernstig om beter en strengere toesig oor die verloop van projekte te hou ten einde sy oorsigrol deeglik en konstruktief te verrig” sê Vryheidsfront raadslid Phillip van der Merwe. Hy is een van die nuutverkose lede van die komitee.

Ter aanvang van die proses is daar besoeke gebring aan drie projekte synde die opgradering van die watersuiweringswerke en rioolwerkingsaanleg te Vredefort asook die bou van voetganger- en voertuigbrûe oor die Elandspruit tussen Sandersville en Heilbron.

Die projek wat die opgradering van die watersuiweringswerke in Vredefort behels is na waarneming tans ongeveer 96% voltooi, maar die tydsvloep daaraan verbonde oorskry reeds die beraamde voltooiingstyd verreweg. Die projek behels werk aan die pompstasie by die onttrekkingspunt uit die Vaalrivier, installering van addisionele pompe en verbeteringe aan die suiweringswerke self, maar die vermoë daarvan word nie tans vergroot nie. Volgens die raadgevende konsultant word die afhandeling van die werk tans gekortwiek deur 'n gebrek aan voldoende fondse. Met die ondersoek deur die komitee het egter aan die lig gekom dat 'n kontrakteur oorbetal was en dat daar tans stappe gedoen word om die oorbetal, wat ongeveer R1,6 m beloop, terug te verhaal van hom ten einde dit terug te plaas in die projekfonds. Komiteeledes was dit eens dat ondersoek dadelik gedoen sal moet word hoe die probleem ontstaan het en dat stappe geneem moet word teen wie ook al vir die foutiewe betaling verantwoordelik was.

Vervolgens was die rioolsuiweringsaanleg te Vredefort besoek. “Die projek, wat o. a. bou van 'n nuwe onderdak inlaastruktuur met skermtoerusting, nuwe chlorineringskanale met doseringstoerusting en herstel/opgradering van meganiese- en elektriese komponente behels, is tans nog in die beginstadium en die vordering daarmee sal op die agenda bly ten einde te verseker dat tydskedules gehandhaaf word en fondse korrek aangewend word” sê raadslid Van der Merwe.

Laastens is besoek afgelê by die terrein in Heilbron waar die bou van die brûe oor die Elandspruit 'n aanvang geneem het. Hierdie projek is tans ook in die beginstadium en tydsgegewys ver agter skedule, maar dit is volgens raadslid Van der Merwe verstaanbaar in die lig van die uitermate hoë reënval wat Heilbron die afgelope tye beleef het. Die sterk afvloei in die spruit bemoeilik die uitgrawings wat gedoen moet word om die fondamente vir die brûe te giet geweldig en daar is boonop rotsformasies waar die uitgrawings gedoen moet word wat die proses verder bemoeilik. Die goeie reën die afgelope dae sal noodwendigterwys verdere onvermydelike vertraging meebring, maar die kontrakteur was nietemin gemaan om die proses soveel as moontlik te bespoedig sonder om afbreek te doen aan die kwaliteit werk wat gelewer moet word. Hy was ook versoek om meer toerusting en personeel aan te wend ten einde die agterstand te probeer uitwis.

Die komitee sal binnekort ook ander projekte besoek en sal voortaan gereeld volledig aan die raad verslag doen oor vordering daarmee en probleme wat ervaar word om sodoende sy oorsigrol doeltreffend te vervul.



Op die foto agter vl: Mnr Johnny van der Merwe (Afrigter), DJ Pieterse, Hanru Steyn, Jaco Moolman, Frederik Erasmus, Gerrit du Plooy, Jannie Els, Danie Bornman, Marnus Claasen, Ernst Scheepers, Warren Pieterse. Middel vl: Ters Roux, Nicky Ribeiro, Ritus Bronkhorst, Lehlohonolo Mothebe, Johannes du Toit, Sibusiso Shabalala, JC de Villiers. Voor: Rudy Swanepoel, Dylan Nagel, Gerhard Engelbrecht.

HARDEKOOL EN CHRISTENDOM

• Tom Watson

Daar kom 'n tyd in elke persoon se lewe dat jy wakker geskud word, om eers dan te besef wat om jou aangaan so tussen al die reklame geraas!

So het 'n Hardekool boomstomp van meer as 2000 jaar oud die diepere denke ontlok.

Die Hardekoolboom met botaniese naam as Combretum imberbe, of beter bekend as Leadwood tree in Engels, is seker een van die pragtigste bome in die Laeveld (Bosveld) – die grootste en hoogste.

'n Hardekoolboomstomp van meer as 2000 jaar oud – wat bevestig is deur universiteite – het die gedagte geprikkel dat die boom voor die Christendom reeds in Afrika was en die besef laat deurskemer het dat die werklikheid van die Lewe voorliggend is maar nie altyd “sigbaar” is nie.

Ons Skepper van hemel en aarde omvou ons elke dag met Sy genade en liefde.



Jacques van Rooyen van African Frontier Safaris naby Lephalale (Ou Ellisras) vertoon die Hardekoolboomstomp van ouer as 2000 jaar.

Die Christendom het eers sowat 2000 jaar gelede tot stand gekom met die kruisiging van Jesus Christus ons Verlosser. So herdenk ons dit ook jaarliks met die Paasfees en opstanding.

Dit bring weer die gedagte op van die grootsheid en almag van ons Hemelse Vader.

Die as van die Hardekool was onder andere gebruik as tandepasta en volgens 'n outydse geloof het die rook van 'n brandende stomp met inaseming daarvan 'n hoes en verkoue genees.

Hardekool is ook baie hard en swaar – dit kan nie in water dryf nie en is so hard dat termiete dit nie kan in- of deurboor nie.

'n Jagter het een keer na 'n Hardekoolstomp geskiet en die koeël kon nie die hout penetreer nie. Die opslagskoot het gelukkig weggeskram en nie die jagter getref nie!

As beskermde flora word die grootsheid van die skepping uitgedra selfs na 2000 jaar!



Pragtig vertoon 'n dooie Hardekool omring deur bosveld flora.



Medisinale waarde van blare

Blare van die Hardekool was eertyds gebrand en die rook ingeasem om verligting te bring vir hoes en verkoues. Die hardehout was ook vroeër gebruik om skoffels te maak om grond los te maak. Die wortel van die Hardekool was ook gebruik om die vrugbaarheid van vrouens te bevorder.



Aasvoels sit in en wag in 'n Hardekool vir hul middagete waaraan hul reeds gesmul het.



BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdag:
09:00 -12:00

Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006

KENNISGEWINGS

VERLORE OF VERNIETIGDE TITELAKTE

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van Registrasie Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **TRANSPORTAKTE NOMMER T17803/2017** geregistreer in die naam van **FRANCOIS EBERSOHN, Identiteitsnommer 831012 5268 08 1** ten aansien van Erf 112 Petrus Steyn, distrik Lindley, Provinsie Vrystaat wat verlore geraak het of vernietig is.

Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

GEDATEER te BLOEMFONTEIN op hede die 5de dag van APRIL 2022.

AANSOEKER: WESSELS & SMITH
FJ KAPP/RS/E05083
YORKWEG 1A
WAVERLEY
POSBUS 2104
BLOEMFONTEIN, 9300
E-pos adres: bloemwess@internext.co.za
Kontaknommer: 051-436 1209



KENNISGEWING
Neem kennis van 'n vergadering van **Moedersdeel Brandbeskermingsvereniging** wat gehou sal word op **28 April, 11:00**, by die **Beheerkamer / Kommando saal**.

DIENSTE SMALLS

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron

Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23,
Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT
Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5
Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE
• Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
• John Watson john@heilbron.co.za
• Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
• Silma herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• Cara heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• Silma heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• Silma marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.
Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Gesik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen
079 040 0531

BLOEDSKENK DATUMS - 2022
24 Mei
26 Julie
27 September
29 November



GiG Technologies
Kerk str. 44 Heilbron
Tel: 087 527 0838
Cell: 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za

- Internet Service Provider
- CCTV & Alarm Installations
- Computer Sales & Support

Technology without the headache!

EASTER word search

CHOCOLATEBUNNYSARATEWEGTRFYCPCKRKFKBASKETFTAAASACLEDEOVGPLWGNXPXTREATSANOAKDSRELWUIRITLMYWBAYATAEEEGGHUNTEADEANKBGJITGAFTSRGASRGYRSDZSMHEASTYAREEARHOLIDAYSSAKOJRTLACHOCOLATEEGGSIROMANAWVALENTINOHUGSFITCHICSAMMN

Basket: Candy, Celebration, Chics, Chocolate bunnys, Chocolate eggs
Egg hunt: Flowers, Holiday, Spring, Treats

BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

AANDAG ALLE MAMMAS!
Heilbron kliniek beplan 'n Immunisasie-veldtog.
Wanneer: 25 - 29 April 2022
Vir wie: Babas van geboorte tot met kleuters van 5 jaar.
Doel: Kontroleer of u kind se immunisering op datum is.
NB! Bring u kind se immuniseringskaart saam met u kind wanneer u die kliniek besoek. Indien enige immuniserings kort, sal die personeel dit hanteer.

BIBLIOTEEK OOP
Piercestraat 66 • Heilbron
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.



Buy-a-Bale
Make Your Own Cash!
Imported European Quality Saddle made from best leather
BEST DEALS ON BALES IN SOUTH AFRICA!
Overcoats Benoni
97 Princes Ave.
011 845 4769
Call SYDNEY now!
072 885 1999
sales@overcoats.co.za
www.overcoats.co.za
WE DELIVER COUNTRY WIDE
OVERCOATS

POSTNET HEILBRON
CRIMINAL RECORD CHECKS
NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON
• STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
• PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
• PRIORITY - 2 HOURS – R395.00
Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za

PLOEG SEMOER
Egite LEER BELDE
WERNER | 060 524 5567
JEANNE | 076 813 2751
www.ploegsemoer.com

HERALD Sport

P Kerk Heilbron Gholfdag
3 April 2022



Heilbron Gholfsklub
 Inskrywings: Gerrie Muller 083 6207018
 Inskrywing: R 350 per speler
 Formaat: Best drive Better Ball
 Afslaan: 10.30 vir 11.00 (Shotgun start)

Pryse
 ½ Skaap of Blesbok vir
 eerste 10 spelers
 Verskeie ander pryse
 Vir nie – golfers
 blesbok en ander pryse

Huifwengete – Burger en skyfies
 Aand – Steak-ete

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak

Silma Petzer

Tel: 058 852 3033

heraldnuus@heilbron.co.za

INGESLUIT IN SASOLBURG PROEWE RUGBYSPAN



Op die voor vl: Jannie Els, Gerrit du Plooy, DJ Pieterse.
 Agter vl: Frederik Erasmus en Ernest Scheepers.

Die volgende seuns is ingesluit in Sasolburg proewe
 rugbyspan. Hierdie seuns het deelgeneem aan die Valke-
 Sedibeng proewe Maandag 11 April in Vereeniging en
 Woensdag 13 April by die DP de Villiers Stadion.
 O/12A-span: Gerrit du Plooy, Jannie Els, DJ Pieterse.
 O/12B-span: Frederik Erasmus, Ernest Scheepers.

STUDENT DESK
SPECIAL



Herald
 Office National

NOW IN STOCK
 FOR ONLY
R1690
 AT YOUR BACK-TO-SCHOOL SUPPLIER
 IT'S AND C'S APPLY

hp
 hp Printer
 Cartridges
 available at
 Herald
 Office National



Herald
 Office National

058 852 3033
 heraldoffice@heilbron.co.za

Mini Candle in a Can
 Cute small gift for every occasion,
 but big enough to impress.
 All candles are specially hand crafted with tallow
 and gives a unique sensory experience.

CANdel's
 Hand Poured / Scented / Tallow Candles



Thank you for
 lighting up our day

R40
 50ML

Choose your label design, fragrance and
 wax colour when ordering 30 or more.

082 940 3183
 delareyzsmit@gmail.com

Herald

Easter SALE

R2999 1. 5 X 400 DUPLICATE NCR RECEIPT BOOKS
 5 X 50 TRIPPLICATE NCR RS BOOKS
 500 X BUSINESS CARDS

R890 2. 1000 X RS SINGLE SIDED FLYERS
 500 X BUSINESS CARDS

R250 3. 250 X BUSINESS CARDS

R1290 4. 2000 X RS FLYERS SINGLE SIDED

R1590 5. 10 X 50 RS NCR BOOKS IN TRIPPLICATE

R1395 6. 10 X 50 RS NCR BOOKS IN DUPLICATE

058 852 3033
 MARKETING@HEILBRON.CO.ZA
 PRICES EXCLUDE VAT & DESIGN COST
 VALID UNTIL 6 MAY 2022

21 MEI 2022
 NG-SUID HEILBRON GHOLFDAG



Liza Bröner Ricus Nel Danny Smoke

R200 VERTONING
R5 000 4-BAL
 (SLUIT 8 VERTONING KAARTJIES IN)

KONTAK DRIES BY DB2 781 6163 VIR VERDERE NAVRAE

the local choice Pharmacy & Clinic

PLATTELAND

MICRONEEDLING WITH PRP:
 Revolutionary new technology!!
 Microneedling is a cosmetic treatment
 that uses a roller with fine needles to
 prick the skin. This stimulates extra
 collagen production which help heal
 scars and reduce signs of aging.
 PRP (Platelet-rich-plasma) contains
 proteins, growth factors and cytokines
 which help skin tissue to repair itself.

Microneedling with PRP can treat:

- * Acne scar
- * Wrinkles and fine lines
- * Hyperpigmentation
- * Sun damage
- * Large pores
- * Uneven skin texture

Buy your microneedling roller for R150.
 Cost for PRP treatment is R400 per session.

IF YOU ARE INTERESTED CONTACT
 PLATTELAND CLINIC
 FOR MORE INFORMATION

063 721 4950 087 527 0723

platteland@thelocalchoice.co.za

57 Wentworth Straat, Wentworth Square, Heilbron

BKB

The Trusted Home of Agriculture
 Die Betroubare Tuiste van Landbou

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSdag - 19 APRIL 2022

KLERKSDORP Weeklikse veiling
 Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
 Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

MONT PELaan Maandelikse veiling
 Kontak John Campher 072 202 0160

WOENSDag - 20 APRIL 2022

REITZ Twee-weeklikse veiling
 Kontak Francois Duminy 082 528 1899

NORMANDIEN Twee-maandelikse veiling
 Kontak Wynand Lens 082 329 0227

MEMEL Maandelikse veiling
 Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

PARYS Maandelikse veiling
 Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
 Kontak Louwtjie Bezuidenhout
 082 827 7443

DONDERDag - 21 APRIL 2022

FRANKFORT Weeklikse veiling
 Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
 Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DANIÉLSRUS Twee-maandelikse veiling
 Kontak Geyer Terblanche 072 564 6164

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
 Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

BOTHASPAS: ALS BOVELDER PRODUKSIE
 VEILING
 11:00; Veilingskrale
 Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

VRYDag - 22 APRIL 2022

BETHLEHEM Weeklikse veiling
 Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
 Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
 Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za